www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

Boodskap aan bedryfspersoneel

This issue sponsored by DEKRA

http://www.dekra-process-safety.com/

Proses veiligheid stories!

Januarie 2019

Dis algemeen bekend dat storie vertelling ’n kragtige manier is om die mense se harte en brein te beinvloed en die geskiedenis te bewaar. Kinders oral oor die wêreld leer uit sprokies en vertellings. Dink maar aan Jakkals en Wolf en ander bekende sprokies. Kinders onthou die stories en die lesse uit die sprokies vir die res van hulle lewe.

Die pionier van proses veiligheid, Dr Trevor Kletz (1922-2013) het sterk menings gehad oor die rol van stories in proses veiligheid. Mense onthou stories beter as lesings oor proses veiligheid of ander opleidings sessies. Gelukkig het die proses industrie goeie vordering gemaak om die frekwensie van groot ongelukke te verlaag. In die verlede het werkers respek gehad vir proses veiligheid risiko’s omdat hulle uit eie ervaring van ongelukke geweet het wat kan verkeerd gaan as die proses nie behoorlik beheer word nie.

Rooikappie en die wolf

Aesop se storie van die kraai en die kruik herinner ons aan die waarde van vindingrykheid.

Die Beacon van Okt 2017 gaan oor Aesop se fable van die Seun wat Wolf geskree het.

As mense nie eie ervaring van werklike ongelukke het nie, moet mens staatmaak op opleiding, oefening en prosedures om ons daaglikse werk veilig te doen. As daar nie ’n sterk verband is tussen “wat ons moet doen” en “hoekom ons dit so doen” nie, kan mens gemaklik of onverskillig raak. Hoekom moet ons al hierdie proses veiligheids prosedures volg om ongelukke te voorkom wat nooit gebeur nie? Ons vergeet dat proses veiligheids ongelukke nie gereeld gebeur nie, **juis omdat** ons die proses veiligheids prosedures volg. Prosedures word dan nie nougeset gevolg nie. Onverskilligheid en om prosedures nie nougeset te volg nie is van die eerste stappe op die pad wat lei na ’n toekomstige ernstige ongeluk.

Wat kan jy doen?

- As jy jare se ervaring het in die proses industrie, dan onthou jy stories uit die verlede van insidente wat jy self ervaar het, of wat aan jou vertel is deur jou voorgangers. Vertel die stories vir jou minder ervare kolegas. Herinner hulle dat “dit hier kan gebeur” omdat dit “reeds voorheen hier gebeur het”.
- As jy relatief onervare is in die proses industrie, vra ouer en ervare kolegas om jou te vertel van insident wat voorheen plaasgevind het.
- Stel voor aan bestuur dat verhale van insidente neergeskryf word sodat die herinneringe aan die verlede nie verlore raak as ouer mense aan beweeg nie of aftree nie.
- Wees op die uitkyk vir stories wat in enige industrie plaasvind. Kyk of daar iets is wat jy daaruit kan leer en van toepassing kan wees in jou aanleg. Die Beacon is ’n voorbeeld van waar mens kan leer waar dinge kan verkeerd loop en hoe dit soms onbenullige dinge kan wees wat dit veroorsaak. Voorbeelde sluit in ’n brand op ’n passasiersboot (Sep. 2016, MOC), ’n vliegtuig enjin wat faal by ’n lughawe (Okt. 2018, Instandhouding) en ’n brand op Atlanta Lughawe (Des. 2018, gemeenskaplike oorsaak faling en noodplan)

“Stories is waar herinneringe heen gaan as hulle vergeet word!

- Doctor Who, Serie 9, Episode 12

©AIChE 2019. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Catalan, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, Filipino, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Mongolian, Persian (Farsi), Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, Urdu, and Vietnamese.